**YSHUA AS GESTUURDE UIT DIE HEMEL**

'n Kykie na Yahuganan se beskrywing van die Messias

Yahuganan, skrywer van die vierde boek van die NMS ("Na-Messiaanse Skrifte" of Nuwe Testament), is bekend daarvoor dat hy die Messias op 'n manier beskryf wat op die oog af verskil van die manier waarop die Messias in die ander Na-Messiaanse boeke beskryf word. Daar is 'n hele aantal van hierdie beskrywings wat die vermoede laat ontstaan dat Y'shua op een of ander manier "bestaan" het, voordat Hy as mens hier op aarde gebore is. Die populêre siening dat Y'shua eers Yahweh of Elohiem was (of eers volkome gelyk met Yahweh was) en tóé mens geword het, word dikwels met verse uit Yahuganan ondersteun. Kom ons kyk na sommige van hierdie gedeeltes:

"In die begin was die Woord en die Woord was by Elohiem en die Woord was Elohiem" (1:1)

"Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (1:3)

"Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon" (1:14)

"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens" (3:13)

"Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het" (6:38)

"Hoe dan as julle die Seun van die mens daarheen sien opvaar waar Hy tevore was?" (6:62)

"Amein, amein Ek sê vir julle, voordat Avraham was, is Ek" (8:58)

"En nou, Vader, verhoog My by Uself met die grootheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was" (17:5)

Bloot oppervlakkig beskou, lyk dit of hierdie gedeeltes die volgende oor die Messias te sê het:

Hy was van die begin af identies met Yahweh (teenstrydig met talle gedeeltes in Skrif)
Hy is die een wat alle dinge geskape het (teenstrydig met meer as 50 ander verse in die Skrif)
Hy het voorheen in 'n nie-vleeslike vorm in die hemel bestaan (teenstrydig met die VMS)
Hy het letterlik uit die hemel neergedaal (teenstrydig met die feite rondom sy geboorte)
Hy is letterlik deur sy Vader uit die hemel gestuur (teenstrydig met die eerste punt)
Hy het bestaan voordat Avraham bestaan het (teenstrydig o.m. met Hebreërs 11)
Hy was persoonlik by die Vader voordat die wêreld ontstaan het (teenstrydig met die eerste punt)
Die feit dat daar soveel inherente teenstrydighede na vore kom as 'n mens hierdie uitsprake letterlik opneem, asook die feit dat die ander drie evangelies nie hierdie tipe uitsprake oor die Messias maak nie, bring ons tot die slotsom dat Yahuganan nie heeltemal reg geïnterpreteer word nie. Yahuganan het nie 'n ander Y'shua geken as wat sy mededissipels geken het nie. Hy het ook nie probeer om met sy voorstelling van die Messias teen die Skrifte in te druis nie. Hy het bloot 'n ander skryfstyl gehad as sommige van die ander evangeliste - 'n skryfstyl wat 100% aangesluit het by die skryfstyl wat in tipies Joodse geskrifte van sy dag na vore gekom het. Kom ons kyk na soortgelyke uitsprake wat in bekende Joodse geskrifte, min of meer uit die tyd van die Messias, na vore gekom het.

"Moses had been ordained from before the foundation of the world to be the mediator of the (old) covenant" (Testament of Moses)

"Abraham, Isaac and Jacob have been created before any other work" (Prayer of Joseph)

"Jacob is the firstborn of every living creature" (Prayer of Joseph)

"the Messiah was chosen of (Elohim) before the creation of the world" (Book of Enoch)

"all the souls are prepared for eternity, before the composition of the earth" (Second Enoch)

"the Messiah has been preserved and hidden by the Almighty for a long time" (II Esdras)

"With you [Elohim] is wisdom, she knows your works, and was present when you made the world" (Wisdom of Solomon)

Laasgenoemde aanhaling herinner sterk aan die bekende hoofstuk oor wysheid in Mieshleh 8:22-30

"Yahweh het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af. Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. Toe Hy die hemel berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het - toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd."

Daar is 'n neiging by baie om Mieshleh 8 as 'n "voorgeboortelike" beskrywing van die Messias te sien en as "bewys" te gebruik dat die Messias voor die grondlegging van die wêreld reeds bestaan het. Die feite is dat Mieshleh 8 uitdrukking gee aan 'n antieke literatuursoort ("wysheidsliteratuur") waarin wysheid as 'n (vroulike) persoon voorgestel word. Daar is heelwat buite-Skriftuurlike voorbeelde (behalwe bogenoemde) waar wysheid op presies dieselfde manier voorgestel word en dis eenvoudig nie goeie Skrifuitleg om sulke gedeeltes direk met die Messias in verband te bring nie. Hoe dit wél met die Messias verband hou, is dat die Messias, as deel van die tydlose wysheid van Yahweh, vóór die grondlegging van die wêreld 'n sentrale deel was van sý ontwerp en reddingsplan wat jou en my ook sou insluit. Hierdie waarheid kom onder meer in die volgende gedeeltes na vore:

"Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af" (Matt 13:35)

"Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af" (Matt 25:34)

"soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om afgesonder en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees" (Efes 1:4)

"Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie - alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af vasgestel is" (Heb 4:3).

Die gedeeltes in Yahuganan wat daarop sinspeel dat Y'shua voor sy geboorte en, trouens, reeds voor die grondlegging van die wêreld "daar was" moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Hy is vooruit geken, voor die grondlegging van die wêreld, maar (eers) in hierdie laaste tye geopenbaar om ons ontwil (1 Kefa / 1 Pet 1:20). Die openbaring van Y'shua die Messias is 'n verborgenheid wat eeue lank verswyg is, maar op die bestemde tyd, volgens die bevel van

Yahweh, onthul is (Rom 16:25-26). Hy is die Lam wat van die grondlegging van die wêreld af geslag is (Openbaring 13:8), maar eers toe die volheid van die tyd gekom het, deur Yahweh na hierdie wêreld gestuur is (Gal 4:4).

In die Hebreeuse idioom, wanneer iemand of iets uit die hemel "gestuur" word, beteken dit nie noodwendig so iemand of iets het voorheen in die hemel bestaan nie. Yahuganan die Doper, só lees ons in Yahuganan 1:6, is ook deur Elohiem na hierdie wêreld gestuur. Dis 'n manier om aan te dui dat Yahweh se hand daaragter is - dit kom van Hom af, dis van bó, met ander woorde dis nie uit die mens nie. Dit word treffend geïllustreer in Matt 21:23-27: En toe Hy in die tempel gegaan het, kom die owerpriesters en die ouderlinge van die volk na Hom terwyl Hy besig was om te leer, en hulle sê: Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee? En Y'shua antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra, en as julle dit vir My sê, sal Ek julle ook vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen. Die doop van Yahuganan, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel - dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie? En as ons sê: Uit mense - dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Yahuganan vir 'n profeet. Toe antwoord hulle Y'shua en sê: Ons weet nie. Hy sê toe vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.

Ons kan met vrymoedigheid roem in die Messias. Sy koms na hierdie wêreld was nie uit mense nie. Sy optrede was nie uit Homself of uit sy eie gesag nie. Sy werke en sy dood en sy opstanding het nie in 'n lugleegte gebeur nie - dit was deel van die wysheid en die plan en die woord (die "logos") van Yahweh wat voor die grondlegging van die wêreld reeds bestaan het. Daarom weet ons dat Hy ook iets blywend in ons lewens tot stand gebring het - iets wat nie sommer deur swaarkry of vervolging of deur watter soort beproewing ook al, van ons weggeneem kan word nie.